

As joernalis het Frans Steenkamp 'n deeglike kennis van Nederlands, Frans, Engels en Duits besit en liefde vir suiwer Afrikaans opgevat. Hy het sy lewe lank geywer vir wat hy as goeie Afrikaans, vry van Anglisismes, beskou het.

In 1929 het hy in diens van "Die Burger" in Kaapstad getree. Dié dagblad is in 1915 gestig en was die woordvoerder van die Nasionale Party. Dié party is in 1914 deur generaal J.B.M. Hertzog opgerig om in opposisie teen die SAP die belang van die Afrikaners te verdedig. Dit was die jare van stryd tussen die Sappe en die Natte. Tussen 1920 en 1930 het bekwame joernaliste van "De Volksstem" oorgestap na "Die Burger". Hulle was drie van Nederlandse afkoms, te wete Frederik Rompel, Anton Malga en Louis Hiemstra, en Frans Steenkamp.<sup>2)</sup>

Daar is drie moontlike redes vir die opvallende oorgang. Die eerste is finansieel, maar min aanneemlik, want "Die Burger" was jarelank in geldelike moeilikhede en het eerder laer as hoër salarissee as "De Volksstem" betaal. Bowendien moes die aansienlike koste van verhuisding uit Pretoria na Kaapstad in aanmerking geneem word. Die tweede rede was moontlik ideologies; dit was die wens om die opkomende Nasionale Party, wat vanaf 1924 aan die bewind was, en daardeur die Afrikanerdom te steun. Die rede is aanvaarbaar, want die vier bogenoemde joernaliste van "De Volksstem" was oortuigde Afrikaners. Maar hulle het nie as fanatiche Nasionale Partymanne opgetree nie, ook Steenkamp nie. Daarom twyfel ek of die tweede rede deurslaggewend was. Die derde rede was joernalistiek en vermoedelik die belangrikste. "De Volksstem" was naamlik 'n lokale koerant in die destyds nogal provinsiale stad Pretoria, maar "Die Burger" was gevestig in die kosmopolitiese hawestad Kaapstad wat betrekkinge met oorsese streke en stede onderhou het en die joernaliste veel meer kontakte en 'n wyer blikveld gebied het.

Steenkamp het by "Die Burger" gewerk onder die hoofredakteur Dr. A.L. Geyer, historikus, en gevorder tot tegniese redakteur, dit is nuusredakteur. Hy het kennis gemaak met Margaretha Francina Haumann van Franschhoek en is op 4 Oktober 1930 met haar getroud.

Hy het ook as joernalis by "Die Burger" goed gepresteer en gevorder, maar hy wou hom akademies bekwaam om hoër te klim, en het in 1932 "Die Burger" verlaat. Sy werk is oorgeneem deur Victor C. Hiemstra, broer van Louis en later regter Hiemstra.<sup>3)</sup> Hulle was seuns van 'n onderwyser uit Friesland wat onder president Kruger na Transvaal geëmigreer het.

Frans Steenkamp het ekonomiese gaan studeer in die Nederlandsche Economische Hoogeschool te Rotterdam, voorloper van die huidige Erasmus-Universiteit. Die Hoogeschool is gestig in 1913 en was toe die enigste fakulteit vir ekonomiese wetenskappe in Nederland. Onder die talryke studente was Suid-Afrikaners wat later bekend geword het. Een van hulle was C.G.W. Schumann. Hy het in 1928 in Rotterdam gepromoveer op die proefskrif "Die kredietmark in Suid-Afrika". Dit was die eerste deeglike oorsig van die bankwese en die geskiede-

nis daarvan in Suid-Afrika. Hy is tot professor in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch benoem.

Frans Steenkamp is as student in 1932-1936 vier jaar ingeskryf. Hy het na twee jaar die graad van kandidaat (dit is baccalaureus) en na nogmaals twee jaar die graad van doctorandus (dit is magister) verwerf, beide grade met lof. Hy het sy studie in die merkwaardig kort tyd van vier jaar voltooi en dadelik daarna, in 1938, met sy eggeneote na Suid-Afrika teruggegaan. Hy het nooit tot die voltooiing van 'n proefskrif vir die doktorsgraad gekom nie. Toe hy uit Rotterdam vertrek het, het ek daar as eerstejaarstudent aangekom. Hy en ek het dieselfde professore as gewaardeerde leermeesters gehad en dikwels herinneringe aan hulle uitgewissel. Hulle was F. de Vries vir algemene leer van die ekonomie, N.J. Polak vir bedryfsekonomie, 'n pionier in hierdie vak, J. Goudriaan vir organisasie van die onderneming, wat in 1949 professor aan die Universiteit van Pretoria geword het en professor W.F.J. Steenkamp as dosent opgevolg het, W.E. Boerman wat nie slegs ekonomiese, maar ook fisiese aardrykskunde deeglik gedoseer het, en Z.W. Sneller wat ekonomiese geskiedenis gedoseer en veral aan sy nagraadse studente hoe eise gestel het; nietemin het Frans Steenkamp Sneller se nagraadse lesings trou besoek.

Terug in Suid-Afrika in 1938 is hom veelbelowende betrekings aangebied. Die bestuur van die Nasionale Pers, wat "Die Burger" uitgee, het hom 'n pos in hul bestuur aangebied, maar hy het dit afgewys omdat 'n universiteit hom meer aangetrek het. Die Universiteit van Pretoria het hom naamlik 'n professoraat in die bedryfsekonomie aangebied. Hy het dit aanvaar en tien jaar, van 1938 tot 1948, vervul. Hy het die bedryfsekonomie as wetenskap in ons land verbreed en verdiep. In 1944 word sy werk bekroon deurdat die Universiteit die vak Bedryfsekonomie sowel op driejarige voorgraadsevlak as op Magistervlak instel.<sup>4)</sup> Sy lesings was uitstekend voorbereid, stelselmatig en helder. Hy het 'n hoë standaard en hoe eise aan sy studente gestel, aanvanklik te streng, het die dekaan van sy fakulteit hom laat weet.

Hy is as wetenskaplike van naam en as Afrikaner betrek in die toutrekkery oor 'n opvolger van prof. M.C. Botha wat van 1941 tot 1947 rektor van die Unviersiteit was en wat deur sommige nasionalistiese dosente as te neutraal jeens die heftige partypolitiek beskou is. "'n Gesamentlike komitee van die Raad en die Senaat het op 15 Maart 1948 twee name vir die rektorskap aan die Raad voorgelê: prof. C.H. Rautenbach en prof. W.F.J. Steenkamp. Die Senaat is om 'n aanbeveling gevra en het na 'n stemming op 18 Maart prof. Steenkamp aanbevele. Die Raad het met 'n meerderheidstem op 23 Maart 1948 prof C.H. Rautenbach ... by die minister aanbeveel vir 'n termyn van vyf jaar van 9 April 1948 ..." <sup>5)</sup> Die minister het die aanbeveling aanvaar en prof Rautenbach het rektor geword.

In dieselfde jaar het prof. Steenkamp vir geruime tyd die akademie verlaat en 'n gedistingeerde loopbaan as ekonomiese adviseur van die regering gevolg. Hy het as voorsitter of lid van verskeie advieskommissies gedien. Hy is

in 1944 benoem as lid van die Raad vir Handel en Nywerheid naas sy professoraat en in 1948 as adjunk-voorsitter van die Raad - 'n voltydse betrekking by een van die hoogste ekonomiese adviesliggame van die regering. Hy het in hierdie hoedanighed die invloedryke Verslag no. 32 oor monopolie- en mededingingsbeleid opgestel. Die verslag het gedien as grondslag vir die monopoliewette van 1955 en 1979.

Op 1 November 1956 word hy voorsitter van 'n ander adviesliggaam, die amptelike Loonraad, tot 1963. Die Loonraad het aanbevelings vir loonvasstellings gedoen. Hy was as voorsitter gekant teen nasionale minimumlone, maar het gepleit vir opheffing van arbeidswetgewing wat diskriminasie op grondslag van ras of huidkleur toelaat.

Hy is in 1963 benoem tot voorsitter van 'n Staatskommisie vir advies oor die koöperasiewese. Die kommissie se verslag in 1967 het wye aandag getrek. Daarin is gestel dat koöperasies 'n soort onderneming is en soos ander ondernemings behandel moet word, ook fiskaal. Die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, met name die koöperatiewe sektor daarvan, het hierdie standpunt nooit aanvaar nie, maar die destydse ministerie het die kommissie se aanbevelings toegepas.

Hy was in 1968-69 voorsitter van die werkgroep vir bestudering van vragheidsvorming, d.w.s. van die vraghouerwese (containers) in Suid-Afrika. In hierdie funksie het hy Rotterdam, een van die grootste vraghouerhawens in die wêreld, besoek en die stad waar hy vier jaar gestudeer het, weer gesien. Hy het in sy verslag bevordering van die vraghouerwese met nadruk aanbeveel.

In die jare sestig, tot einde 1970, het hy teruggekeer na die hoër onderwys en dosent in die Departemente Ekonomie en Bedryfsekonomie van die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria geword. In hierdie jare het hy enkele brosjures oor vakgebiede geskryf wat deur die Universiteit in sy reeks Mededelings gepubliseer is.<sup>6)</sup>

Naas hierdie beroepsfunksies het hy talle funksies vervul in die bedryfslewe, die wetenskaplike sfeer en die kultuurlewe.

Hy was enkele jare voorsitter van die Nederlands-Suid-Afrikaanse Kamer van Handel en Nywerheid en lid van die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister vanaf die stigting in 1963 tot 1982; die lede daarvan is afkomstig uit die Staatsdiens, die bedryfslewe en die universiteite. Hy was direkteur van verskeie maatskappye, waaronder die Nederlandse Bank van Suid-Afrika, tans Nedbank genoem.

#### **Die wetenskaplike sfeer**

Hy het talle artikels in ekonomiese tydskrifte, onder meer die "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie", gepubliseer en was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is vir sy wetenskaplike verdienste met onderskeidings vereer, op 8 Mei 1971 met 'n eredoktoraat van die Universiteit van Suid-Afrika, in 1974 met die Stalsprys vir ekonomie van die Suid-Afrikaanse Akademie en in 1984 met 'n eredoktoraat van die Universiteit van Pretoria.

## Die kultuurlewe

Hy was lid van die kommissie vir uitvoering van die kultuurverdrag tussen Nederland en Suid-Afrika wat in 1932 gesluit is en deur die Nederlandse regering in 1982 beëindig is. Hy was 'n onvermoeide stryder vir suiwer Afrikaans op ekonomiese gebied waar Engels oorheers het. Dit is as taalstryder dat ek hom die beste geken het.

## Professor Steenkamp as taalstryder

Vanaf sy jare in die joernalistiek het hy geywer vir suiwer Afrikaans, vry van die Anglisismes en verkeerde vertalings van Engelse terme wat veral op ekonomiese gebied talryk is.<sup>7)</sup> Hy was 'n taalpuris en sterk deur Nederlands beïnvloed. Puriste is selde gewild, veral nie wanneer hulle Nederlandismes aanbeveel nie, maar hy het hom slegs ten dele daaraan gesteur. Hy het 'n deeglike kennis van Nederlands, Engels, Frans, Duits en Latyn besit en dit het sy werk vir goeie Afrikaans ten goede gekom.

Een van sy belangrikste prestasies op taalgebied was die "Ekonomiewoordeboek - Economic Dictionary, English-Afrikaans", waarvan hy hoofredakteur was. In 1949 het die Suid-Afrikaanse Akademie 'n groep ekonome uitgenooi om 'n woordelyst van ekonomiese terme Engels-Afrikaans saam te stel. Die voorbereiding daarvan het lank geduur, en het danksy die volharding van sommige komiteelede, veral van die voorsitter prof. W.F.J. Steenkamp en sekretaris prof. H.J.J. Reynders, gelei tot publikasie van die "Ekonomiewoordeboek" deur die Vaktaalburo te Durban in 1976, met geldelike steun van die Nederlandse Bank van Suid-Afrika.

Die samesetting van die komitee het dikwels verander. Ek was vanaf 1965 lid van die komitee wat aanvanklik in die Engelenburghuis van die Akademie vergader het. Sommige lede wat die trouste aanwesiges was, naas die voorsitter prof. Steenkamp en die onvermoeibare prof. Reynders wat telkens nuwe woordelyste voorgelê het, was dr. E.H.D. Arndt, prof. J. Goudriaan en Dr. J.J.D. Willers. Somtyds is op die byeenkomste hewige diskussies gevoer, veral tussen prof. Steenkamp en Dr. Arndt wat nogal toegeeflik insake Anglisismes was. Enkele jare na die eerste druk in 1976 het 'n tweede, min veranderde druk van die woordeboek verskyn. Daar was dus belangstelling vir die boek.

In 1985 het 'n komitee met prof. Steenkamp as voorsitter onder instemming van die Suid-Afrikaanse Akademie begin met hersiening van die Ekonomiewoordeboek om dit uit te brei en op datum te bring. Ander lede was Dr. H.J.J. Reynders wat weer die groot werk van opstelling van woordelyste vir bespreking verrig het, Dr. S.J. Kleu en Dr. C. de Jong. Die komitee het gereeld byeengekom en in 1993 die uitgebreide lyste afgehandel. Prof. Steenkamp is helaas op 8 Junie 1993, 88 jaar oud, oorlede voordat die nuwe woordeboek in druk verskyn het.

### **Dr. A. Jurriaanse**

Een van sy beste vriende was die merkwaardige Dr. Aart Jurriaanse, gebore te Rotterdam in 1870, oorlede te Pretoria. Hy was 'n halflegendariese karakter weens sy deelname as geneesheer en as Bittereinder by die Boerekommando's aan die oorlog in 1899-1902 en weens sy onbewimpelde uitlatings. Daar is verskeie anekdotes oor hom in omloop. Na die oorlog het hy na Nederland gegaan en daar vinnig as doktor in Leiden gepromoveer. Hy het dadelik na Oos-Transvaal teruggekeer omdat hy daar 'n eggenote gevind het. Hy het huisarts in Ermelo geword en 'n groot plaas by die dorp gekoop. Die jong Frans Steenkamp het hom daar leer ken en 'n lewenslange vriend van die eienaardige Nederlander geword. Beide het 'n breë belangstelling gehad en voorliefde vir Franse boeke en geskiedenis gedeel. Na sy aftreke het Dr. Jurriaanse 'n huis in Waterkloof te Pretoria betrek, waar prof. Steenkamp hom dikwels besoek het. Hy het eenmaal aan sy jongere vriend gesê dat hy nou te oud is om nog verder te leef - 'n gesegde wat prof. Steenkamp in sy laaste lewensaar ook op homself toegepas het. Beide erudiete het baie oud geword.

Prof Steenkamp het 'n karakterkets van die eksentriekse arts gepubliseer in "Die Huisgenoot" van 17 Julie 1959, p.39 en 44. Hy het Dr. Jurriaanse oorreed om sy groot letterkundige en historiese boekery, merendeels Franse werke, aan die Merensky-Biblioteek in die Universiteit van Pretoria te skenk. Die boekery is in die Dr. A. Jurriaanse-kamer geplaas.

### **Karakter**

Prof Steenkamp het 'n uitgesproke geaardheid gehad en altyd ferm aan sy beginsels vasgehou, byvoorbeeld waar dit die suiwerheid van die Afrikaanse taal gegeld het. "He was not a man to suffer fools gladly." Hy het hom somtyds skerp uitgelaat, maar was nie haatdraend nie. Hy was 'n veelsydige geleerde en goeie ouiteur en 'n erudit van 'n soort wat vroeër algemener was en in ons tyd skaars word, onder meer wat sy talekennis betref.

Hy was 'n toegewyde eggenoot en vader. Sy liefhebberyé was historiese lektuur, beeldhou in klip en marmer, onder andere beeldjies van sy kinders, tuinier en besoeke aan die Krugerwildtuin wat hy na sy pensioenering dikwels besoek het, graag met sy kinders. Hy en sy vrou het ook gereeld ontspan in hul vakansiehuis aan die Natalse kus.

Tot hoë leeftyd was hy goed gesond en werkzaam. Sy brein het tot sy lewenseinde helder gebly. Hy het in April 1993 in Kaapstad 'n hartaanval gekry en is op 8 Junie 1993 kort na sy verhuisding van Charlesstraat na die aftree-oord Mooigeleë in Faerie Glen te Pretoria oorlede.

Hy en sy eggenote het drie kinders. Hulle is Willem François Joubert, gebore op 18 Julie 1938, tans kardioloog te Pretoria, Magdalena Elizabeth, tans vrou Bartolini, verpleegkundige, en Anne-Marie, tans vrou Barwise, onderwyseres.<sup>8)</sup>

### **Verwysings**

- 1) Inligting van mevrou M.F. Steenkamp.
- 2) C.F.J. Muller, "Sonop in die Suide, geboorte en groei van die Nasionale Pers, 1915-1948", uitgegee deur Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1990, p.733.
- 3) C.F.J. Muller, "Sonop in die Suide", p.736.
- 4) H.J.J. Reynders, "Huldigingswoord vir prof W.F.J. Steenkamp by oorhandiging van die Stalsprys vir ekonomiese deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns", Jaarboek S.A. Akademie, Pretoria, 1974, p.47.
- 5) "Ad destinatum, Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria", Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1969, p.93.
- 6) Die brosjures was:  
 W.F.J. Steenkamp, "Arbeidswetgewing en ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika", Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, no. B22, 1965, 17 pp.  
 W.F.J. Steenkamp, "Suid-Afrika se buitelandse handelspolitiek in die afgeloede veertig jaar", Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, no. C64, 1966, 32 pp.  
 W.F.J. Steenkamp, "Die goudmynbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie", Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, no. C69, 1968, 44 pp.
- 7) Ek noem as voorbeeld twee artikels van prof. Steenkamp in "Die Burger" afgedruk:  
 W.F.J. Steenkamp, "Afrikaans se hart word seergemaak", in "Die Burger", Maandag, 18 Desember 1989.  
 W.F.J. Steenkamp, "Verknoeiing van taal stem tot droefheid", in "Die Burger", 17 Februarie 1990.
- 8) Ek is vir die samestelling van prof. W.F.J. Steenkamp se lewenskets veel dank verskuldig aan H.J.J. Reynders en S.J. Kleu, beide in Pretoria, asook mevrou M.E. Steenkamp. Dr. S. Kleu (met medewerkers) sal oor prof. Steenkamp as ekonomies publiseer in die "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie".

### **Bibliografie**

- W.F.J. Steenkamp, "Die Ou Edelman van die Hoëveld" (d.i. Dr. A. Jurriaanse), in "Die Huisgenoot", 17 Julie 1959, p.39 en 44.
- C.F.J. Muller, "Sonop in die Suide, geboorte en groei van die Nasionale Pers", Nasionale Boekhandel, 1990, p.726-727, 733, 736.
- "Ad destinatum, Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria", Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1960, p.93, p.188.
- "Commendatio Doctor commercii honoris causa Willem François Joubert Steenkamp, Universiteit van Suid-Afrika, 8 Mei 1971", in "Mercurius", Tydskrif van die Departement Ekonomie van Unisa, jaargang 1971, p.1-3.
- H.J.J. Reynders, "Stalsprys vir Ekonomie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir prof. W.F.J. Steenkamp", in "Jaarboek 1974 van die S.A. Akademie", pp.47-48.



*Professor Willem François Joubert Steenkamp omstreeks 1970*

**HERDRUK VAN DIE GEDENKBOEK VAN DIE "NEDERLANDSCHE  
VEREENIGING TE PRETORIA" 1893-1923**

deur C de Jong

**Die Gedenkboek**

In 1993 het 'n faksimileherdruk van die "Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria 1893-1923" verskyn. Die boek is uitgegee ter geleentheid van die 30-jarige bestaan van die Vereeniging van Nederlanders en oud-Nederlanders. Hy was in 1918 25 jaar oud, maar weens die Eerste Wêreldoorlog wat toe nog aan die gang was, en weens die talle slagoffers van die Spaanse griep in dié jaar is die jubileum toe nie gevier nie. In 1923 was die tyd gunstiger en is die 30-jarige bestaan herdenk. Die samesteller van die gedenkboek wat toe uitgegee is, was die bestuurslid L.L. Steen. Hy gee 'n belangwekkende verslag van die stigting op 26 Augustus 1893 deur enkele van "Krugers Hollanders", onder wie regter E.J.P. Jorissen, die eerste voorsitter, G.A.A. Middelberg, direkteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), advokaat H.J. Coster en rektor H. Reinink.

Steen skets die talle bedrywighede van die Vereeniging voor die oorlog 1899-1902, onder meer sy bydrae aan die feeste by die verjaarsdag en troonbestyging van Koningin Wilhelmina in Augustus-September 1898 - die laaste openbare fees in Transvaal voor die oorlog, en die voorspoedige herstel van die Vereeniging onder Britse vlag na die oorlog. Sommige skeppings van die Vereeniging het tot niet gegaan, soos die Informatiebureau voor handel met en immigratie uit Nederland in 1910, die Letterkundige Vereeniging en die Nederlandse boekerij en uitleenbibliotheek. Maar op uiteenlopende gebiede het die Nederlandsche Vereeniging veel bygedra aan die kulturele bedrywighede van die Pretoriase Nederlanders en daardeur aan die kulturele lewe in die stad, soos sangkore, toneelspel, dans en gimnastiek. Hierdie bydrae is uitvoerig beskryf in die Magisterverhandeling van Robert C. de Jong, "Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandsche Vereeniging' 1890-1918" (Universiteit van Pretoria, 1980). Hierdie werk vul die Gedenkboek van 1923 op deeglike wyse aan.

Die heer Steen verskaf talle belangwekkende besonderhede oor Nederlanders in ons stad in die jare 1890-1920 en dra aldus by tot die geskiedskrywing van Pretoria. Die Gedenkboek eindig toepaslik met die toespraak van die voorsitter W. Klooster, "De Hollander in Transvaal", uitgespreek by die 30-jarige herdenking van die stigting van die Vereeniging.

Die volgende woorde van die voorsitter in die rede is oorgeneem in 'n inskrif op die gedenkteken vir Nederlanders in Transvaal 1850-1950 by die Tremloods aan Schoemanstraat in Pretoria-Sentraal: "Wij zijn hier en wij blijven hier. Dit land is ons tehuis geworden. Al onze belangen zijn in

Afrika. Wij zeggen 'Afrika eerst' ... Wij hebben geleerd ons aan te passen ... Maar we vergeten niet onze afkomst, taal en tradities."

Die herdrukte Gedenkboek is voorsien van 'n Woord vooraf deur die redakteur Dr. C. de Jong. Dit is vir R15,00 franko per pos verkrybaar by die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika). Hierdie Stigting het die Gedenkboek heruitgegee om by te dra aan die jubileumviering deur die Nederlandsche Vereeniging te Pretoria. Hy het die erepenning in goud aan die voorsitter van die Vereeniging oorhandig om die Vereeniging te eer vir sy bydraes aan die betrekings tussen Suid-Afrika en Nederlanders in hierdie land. Die posbus van die sekretaris van die Stigting is 3457, Pretoria 0001. Die Gedenkboek kan by hom bestel word.

#### **Die skrywer L.L. Steen**

Die skrywer of samesteller van die Gedenkboek van 1923 is die heer L.L. Steen. Ons Verenigingslid kolonel (Dr.) Jan Ploeger het sy lewenskets gepubliseer in die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 4. Uit die lewenskets is sommige van die volgende feite oorgeneem.

Leendert Lambertus Steen is gebore in Rotterdam op 23 Januarie 1866 as seun van Adam Steen en Arnolda Tamson. Hy het opgegroei in 'n oortuigd Protestantse gesin en is opgeleid tot onderwyser. Die Christelike skool in Rotterdam waar hy les gegee het, is in 1884 besoek deur die Transvaalse deputasie onder leiding van Staatspresident Paul Kruger. In die daaropvolgende jare tot die oorlog van 1899-1902 het 'n aansienlike aantal Protestantse onderwysers na Suid-Afrika - merendeels na Transvaal - geëmigreer om 'n beter loopbaan te volg as in Nederland te verwagte was en ook om die Protestantisme, geestelike ontwikkeling en Nederlandse kenmerke van die Afrikanervolk te bevorder. Die onderwysers se dryfvere was dus materieel en ook ideologies.

Een van hulle was L.L. Steen. Hy emigreer met sy gesin in 1896 na Pretoria. Sy eerste betrekking was, soos dié van die meeste onderwysers uit Nederland, beskeie. Hy het huisonderwyser in die plaasskool van Andreas Daniël Wynand Wolmarans (Potchefstroomdistrik 19-9-1857 - Pretoriadistrik 12-7-1928) geword op 'n plaas in die Derdepoort noordoos van Pretoria, wat nou "die Opstal" genoem word. A.D.W. Wolmarans was 'n welgestelde en invloedryke lid van die Eerste Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en van die kerkraad van die Nederduits Hervormde Kerk, gemeente Pretoria. Hy en Steen het lewenslange vriende geword. Steen het hom met sy skryftalent talle jare bygestaan.

Steen is in Oktober 1898 aangestel as onderwyser van die Staatsartilleriekorps in Pretoria om lede van dié korps wat te min geletterd was, kennis by te bring. In die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 dien hy as sekretaris, eers by die krygskommissariaat van die Boereleër wat Ladysmith in Natal beleër, daarna by luitenant-kolonel S.P.E. Trichardt van die Staatsartillerie. Na die besetting van Pretoria deur die

Britse leër op 5 Junie 1900 keer hy van die kommando's na die stad terug. In Augustus 1900 reis hy met sy gesin na Nederland. Dit is my onbekend of die Britse outhouers hom verban het dan wel of hy vrywillig geëmigreer het.

A.D.W. Wolmarans het in Maart 1900 as lid van 'n vredesdeputasie van die Boererepublieke na Europa gegaan. Hy het tot na die vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 in Europa gebly. Op Wolmarans se versoek het Steen in Desember 1900 uit Nederland na Kaapstad gereis om Wolmarans se eggeneote en kinders daar op te wag en na Europa te begelei. Steen het daarvoor toestemming van die Britse outhouers ontvang en Wolmarans se gesin is toegelaat om van Pretoria na Kaapstad te reis en hulle daar in te skeep.

Spoedig na die oorlog het Wolmarans en Steen met hul gesin na Pretoria teruggekeer ondanks die hewige na-oorlogse depressie in Suid-Afrika van 1903 tot omstreeks 1908. Steen het opgetree as sekretaris van die komitee vir die reëling van oudpresident Kruger se begrafnis te Pretoria in Desember 1904; dit beteken dat hy 'n groot deel van die grootste deel van die reëling op hom geneem het. Hy het by sy terugkeer onderwyser in die Westeindschool te Pretoria geword; dit was een van die privaatskole van die Christelike Nasionale Onderwys (CNO) wat na die oorlog gestig is om die Afrikaners te help om hul identiteit te behou. Na die oornname van die CNO-skole deur die Transvaliese regering in 1907 was Steen onderwyser in verskeie Staatskole te Pretoria. Hy was in 1920-26 in diens van die Langenhovenskool en is in 1926 as hoof daarvan gepensioeneer.

Daarna was hy vir 'n kort tyd redaksielid van "De Volksstem", koerant van die Suid-Afrikaanse Party in Pretoria, maar die joernalistiek het hom blybaar nie geval nie. Hy was vervolgens in 1942-47 bestuurder van die Pretoriase kantoor van die Amsterdamse boekhandel en uitgewer J.H. de Bussy. In hierdie funksie het hy hom beywer vir die verspreiding van die sangbundel van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK-bundel) en van studie- en kinderboeke in Afrikaans.

Hy het daarnaas talle onbetaalde funksies vervul. Hy was baie jare bestuurslid van die "Nederlandsche Vereeniging te Pretoria" en in dié funksie samesteller van die Vereeniging se Gedenkboek in 1923. Hy was medestigter van die Nederlandse koor "Zanglust" en jarelank bestuurslid van "Het Zuid-Afrikaans Hospitaal en Diakonesenhuis" te Pretoria. Hy was 'n aktiewe lid van die Nederduits Hervormde gemeente in dié stad en 18 jaar scriba van die gemeente se kerkraad, waarin A.D.W. Wolmarans gedomineer het. Hy het Wolmarans veel gehelp by die skryf van dié se boek "Bijdrage tot die kennis van die geschiedenis der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika" wat in 1919 te Amsterdam en Pretoria verskyn het.<sup>1)</sup>

Steen was getroud met Anna Margaretha Lugtenburg. Sy is oorlede in 1891 voor sy vertrek na Transvaal. Hy is hertrouw met Maria Elizabeth Grijp wat in 1952 oorlede is. Hy het een dogter uit sy eerste huwelik gekry en twee dogters en een seun uit sy tweede huwelik. Hy het sy seun die doopname

Andreas David Wynand van sy vriend Wolmarans gegee. Hy is op die hoë leeftyd van 98 jaar op 13 Oktober 1964 in Pretoria oorlede.

Dr Ploeger se mening oor Steen lui: "Steen was een van Kruger se Hollanders wat sy aangename land en volk in tye van vrede en van oorlog op 'n beskeie dog bekwame wyse getrou gedien het."<sup>2)</sup> Op die foto van die Nederlandsche Vereeniging se bestuur in die Gedenkboek van 1923 sit hy op die voorste ry heel regs. Sy naam staan op een van die stene rondom die spuitfontein van die gedenkteken vir Nederlandse immigrante in Transvaal 1850-1950 op die sogenaamde Neerlandiaplein by die Tremloods in Pretoria-Sentraal.

#### Literatuur

J. Ploeger, "Steen, Leendert Lambertus", in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 4, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1981, p.641-642, in Afrikaans en Engels gepubliseer.

J.J. Steen, "Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, uitgegeven ter gelegenheid van haar 30-jarig bestaan, 1893 - 26 Augustus - 1923", 58 pp., geill. - in faksimilee herdruk onder beskermheerskap van die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) in 1992, met 'n woord vooraf van C. de Jong.

L.L. Steen, "Een herinnering", in S.P. Engelbrecht, red., "De Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955", uitgegee deur die Kerkraad van die gemeente, p.139-146, Pretoria, 1955.

#### Verwysings

- 1) S.B.S., "Wolmarans, Andreas Daniël Wynand", in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, RGN, Pretoria, 1972 (2de druk 1986), p.879.
- 2) J. Ploeger, "Steen, Leendert Lambertus", in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 4, RGN, Pretoria, 1981, p.642.



*Leendert Lambertus Steen, Rotterdam 1866 - Pretoria 1964, skrywer van onder meer die "Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, 1893 - 26 Augustus - 1923"*

## PRESIDENT S.J.P. KRUGER IN KAMPEN

deur N.A. Coetzee en M.H. Zagt

In 'n boekie "Kampen in Oude ansichten"<sup>1)</sup> deur J. Don, argivaris van die Gemeente Kampen in Holland, derde druk, uitgegee deur Europese Biblioteek, Zaltbommel, 1977, vind ek 'n aantal foto's afgedruk in verband met President S.J.P. Kruger se besoek aan Kampen gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Ons plaas hier een foto en gee net die beskrywings van die ander foto's soos dit as byskrifte in die boekie afgedruk is; die vertalings uit Nederlands wordwoordeliks gedoen.

### **Inleiding**

Ook word Boere-deputasies in Kampen op grootse wyse ontvang en gehuldig. Op 17 Maart 1884 het die stadsbestuur 'n regeringsdelegasie onder leiding van Paul Kruger ontvang. In die Stadhuis het hy die Goue Boek (Gulden Boek) geteken.

Op 12 Desember 1890 het Veggeneraal P.J. Joubert 'n offisiële besoek aan die stad afgelê en ook die Goue Boek geteken.

Op sy welwillendheidsreis deur Nederland het Paul Kruger as President van die Zuid-Afrikaansche Republiek van 28 Junie tot 4 Julie 1901 weer ons stad Kampen besoek; by hierdie geleentheid het hy tuisgegaan by prof. Dr. M. Noordzij by die Sablonièrekade.

### **Foto geplaas**

Ontvangs van die Staatspresident by die Stadhuis en die begroeting deur die inwoners. Regs staan Burgemeester Van Blommenstein.

### **Nog 'n foto**

Ook word by hierdie geleentheid 'n sanghulde deur die personeel van die firma W.G. Boele Sr. aangebied. Die koets van die president staan voor die sigarefabriek en winkel van die familie Boele, op die deurtog van die president na die Bovenkerk, waar aan hom hulde gebring sal word. Die President is duidelik sigbaar op die koets.

### **Nog 'n foto met die President op 'n koets**

Aanvang van die rytoer deur die Stad Kampen, georganiseer deur die studentekorps van die Teologiese Skool van die Afgeskeidene Gereformeerde kerk. Op die voorgrond die corpsvaandel "Fides Quaerit Intellectum" (Latyn vir: Die geloof streef na insig).

Die afskeiding weg van die Nederlandsche Hervormde Kerk het in 1835 plaasgevind toe ds. H. de Cock 'n opleidingskool vir predikante in Smilde vestig in die huis van 'n landbouer te Dwingelo. Uit verskillende opleidingskole waarvan dié van ds. Brummelkamp se skool die vernaamste was, het die sentrale Opleidingskool gegroeи om op 6 Desember 1854 in sy eie Kerk met 300 lidmate geopen te word in die Hofstraat, Kampen. Eers

is daar klasse gegee aan die wonings van die dosente, daarna in 'n vertrek in die pastorie en later in 'n lokaal in 'n laerskool.

In 1870 is die gebou van die Theologische School in de Oudestraat gevestig. Die gebou is in 1895 en weer in 1901 vergroot en dit is sedertdien in gebruik en 'n landmerk in Kampen. Vir President Kruger wat aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika behoort het, moes dit 'n besondere besoek gewees het; hy het lid van hierdie kerk geword op die dag van stigting op 10 Februarie 1859 deur ds. Dirk Postma op Rustenburg, Transvaal.

#### Nog 'n foto

President op koets. Afskeid van die President deur die reëlingskommissie by die Katerveer op sy verdere reis na Zwolle en Hattem. Links op die foto met die hoed in die hand staan die gemeente se argivaris meneer J. Nanninga Uitterdijk, voorsitter van die kommissie. Die besoek van die President aan Kampen was so oorweldigend en die toesprake en sanguitvoerings dermate indrukwekkend en geesdriftig, dat die mense "als het ware zich bij de broeders aan het front waanden!"

#### Aantekening oor die stad Kampen

Die Middeleeuse stad Kampen is geleë op die wesoewer van die Gelderse IJsel digby die monding daarvan, aan die IJselmeer, dit is die vroeëre Zuiderzee. Die stad het ontstaan uit 'n dykdorp in die 12de eeu. Dit het lewendige handel en skeepvaart na lande aan die Noordsee en Oossee gedryf. Die stad het in die 14de eeu lid van die invloedryke verbond van handelstede die Hanse geword. Die roman "Volmar de Ommelandvaarder" van Aar van de Werfhorst (1938) vertel van Kampen se handel en skeepvaart met Skandinawië.

Weens versanding van die IJselmond in die 17de en 18de eeu het Kampen sy skeepvaart en daarop gebaseerde handel verloor, maar hy het as hawe aan die IJselmeer belangrik gebly en 'n lewendige sentrum van seilvaartsport geword. Hy het in die 19de eeu teologiese sentrum en universiteitstad geword. Tans is daar twee teologiese hoë skole op universiteitsvlak, een vir die Gereformeerde Kerke en een vir ultra-Gereformeerde Kerke. Verskeie Afrikanerpredikante het in die akademies gestudeer, sodat Kampen in Suid-Afrika by sommige bekend is.

Die redakteur

#### Ex-President Kruger at Menton, uit "Pretoria News", 17 March 1903

Mr Kruger, who is in fair health, spends his days at Mentone chiefly in sleeping and smoking. He gets up at five o'clock, and reads the Bible until eight, when he again goes to sleep until half past ten. At that hour he begins to smoke and receive visitors until twelve, when he has breakfast. Then he goes for a drive, and at two goes to bed for a couple of hours; after which he receives Boers and reads the Bible until six. Dinner lasts twenty minutes, and at half-past eight the ex-President goes to bed and sleeps until eleven, when he has a cup of coffee. He is not allowed by his doctors to sleep for more than a couple of hours at a time, and except for his cup of coffee they permit him to drink nothing but milk.



Begroeting deur die inwoners van Kampen, Nederland, van Staatspresident S.J.P. Kruger op die balkon van die stadhuis van Kampen in Julie 1901. Regs van die president staan burgemeester Van Blommestein, wie se familie ook in Suid-Afrika verleenwoordig is.

Met dank oorgeneem uit "Kampen in oude ansichten"

**JEAN JACQUES KESTING -  
DIE EERSTE KESTING-STAMVADER IN SUID-AFRIKA**

deur D.P. Kesting

Jean Jacques Kesting is op 28 September 1870 in Amsterdam gebore.

**Ouers**

Johannes Jacobus Kesting gebore Amsterdam, 3 Julie 1842, getroud 15 Augustus 1867 met Bertha Elizabeth Uyttenbroeck.

**Broers en susters**

1. Jean Jacques Kesting geb. Amsterdam 4 Julie 1869; sterf 25 Mei 1870
2. Mijndert Kesting geb. Amsterdam 5 Februarie 1872; sterf 21 Februarie 1872
3. Madeleine Gerardine Kesting geb. Amsterdam 24 Oktober 1873; sterf 8 September 1956
4. Marie Madeleine Kesting geb. Amsterdam 9 Februarie 1875; sterf 5 Mei 1954
5. Cornelle Kesting geb. Amsterdam 23 Mei 1876
6. Eduard Kesting geb. Amsterdam 4 Mei 1878
7. Mijndert Kesting geb. Amsterdam 30 Julie 1879; sterf 16 Januarie 1882
8. Gertrude Pauline Jacqueline Kesting geb Amsterdam 3 Mei 1881; sterf 6 Februarie 1941
9. Jean Paul Barthelemy Kesting geb. Amsterdam 9 Mei 1883
10. Antoinette Sophie Kesting geb. Amsterdam 8 Desember 1884

**Huwelik en kinders**

Jean Jacques, gebore in Amsterdam 28 September 1870, getroud met Elizabeth Susanna Berkout in 1892 in Amsterdam. Sewe kinders uit die huwelik gebore:

Jean Jacques, 24 Oktober 1894 (Amsterdam)  
 Henriette Jeannette Bertha, 29 Junie 1896 (Amsterdam)  
 Elizabeth Susanna, 11 Oktober 1898 (Pretoria)  
 Gerald 1901 (Pretoria), vroeg oorlede  
 Joseph Jean, 13 Julie 1902 (Amsterdam)  
 Gert Jeannette, 2 Julie 1906 (Johannesburg)  
 Marie Antoinette, 17 Februarie 1911 (Johannesburg)

**Kort geskiedenis**

Hy het suksesvol gestudeer in Amsterdam vir argitek en boumeester, tot op die ouderdom van 23 jaar. Hy is in 1892 in Amsterdam getroud met Elizabeth Susanna Berkout wat uit 'n Rooms-Katolieke gesin gekom het. Het gewoon in Saenredamstraat in Amsterdam.

Die gesin het behoort aan die Waalse Hervormde (Huge-

note) Kerk (Eglise Wallone) van Amsterdam. Die kinders het skoolgegaan in die Waalse Kerkskool. In hierdie tyd het hy geboue ontwerp en opgerig, onder ander in Hilversum. In 1896 het die egpaar met hul eerste twee kinders geëmigreer na die Zuid-Afrikaansche Republiek en hulle gevestig in Pretoria, waar Jean Jacques in diens van die NZASM (vermoedelik as argitek-boumeester) getree het. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy gedien in die Hollandse Korps wat aan die Boerekant geveg het. Gedurende hierdie periode het hy gewoon in Jacob Maréstraat in 'n klein woonhuis waarby groot perdestalle was. Hierdie woonhuis, wat direk of prakties naas Melrosehuis geleë was, was waarskynlik een van die twee klein woonhuise wat tussen Melrosehuis en die huis op die hoek van Jacob Maréstraat en Van der Waltstraat gestaan het. (Laasgenoemde huis het in daardie tyd behoort aan 'n mnr Roodt. Tans is daar woonstelle gebou op hierdie persele. Die vraag of die huis deur Jean Jacques Kesting besit of gehuur was, moet nog beantwoord word. Toe Lord Roberts Pretoria beset het, is hierdie woonhuisie vir die stalle gekommandeer, ofskoon die gesin toegelaat was om in die huis te vertoeft.

In 1901 is die gesin volgens die Britse deportasiebevel gelas om na Nederland terug te keer. Jean Jacques het vooruit gereis, eers na Kaapstad en toe per boot (wat deur Koningin Wilhelmina gestuur was)<sup>1)</sup> na Nederland. Elizabeth Susanna kon vanweé die geboorte van Gerald in 1901 in Pretoria nie onmiddellik saamreis nie, en sy het later gevolg met die kinders. Hulle is vanaf Bloemfontein in beestrokke vervoer en per troepeboot (vir 6 weke) na Nederland vervoer. Hier is verhale van haglike toestande, verhongering ens. oorvertel, soos byvoorbeeld planne van Hollandse gedeporteerdes om van die kos te kry wat vooraf opgeskep was deur die klerke. Ene Buytenhuis het op 'n keer 'n rot gevang en in die sop gedompel, sodat die klerke uit skok hul plekke in die eetsaal ontruim het, waarmee die gedeporteerde passasiers vir 'n verandering weer goeie kos kon kry.

Die gesin het nou in Amsterdam by die skoonouers Berkhout in Halfmaansteeg, Amsterdam, tuisgegaan. Hier het skoonpa Berkhout en seuns 'n slaghuis (Slagerij) gehad. Dit is moontlik dat die 'Nationale Trustgebou' later op hierdie perseel gebou is.

Jean Jacques Kesting was 'n ywerige sportman, wat hom onderskei het met ysskaats en fietsry. In 1903 het die gesin teruggekeer na Suid-Afrika en hulle intrek geneem in 'n woonhuis in Eaststraat, Belgravia, Johannesburg, waar 'n klein kolonie van Hollanders saamgetrek het.

Jean Jacques het talle planne opgestel vir geboue en as boumeester opgetree. Hy het nooit die kwalifiserende eksamen afgelê om as argitek in Suid-Afrika te kon praktiseer nie. Die gesin het later verhuis na 'n kleinhoewe van 18 akker in Bedford View, waar 'n woonhuis, deur Jean Jacques beplan, gebou is. Hierdie perseel is later na die dood van Jean Jacques oorgeneem deur die Fotheringhambakery vir 'n hoenderboerdery.

Jean Jacques is op 11 Julie 1913 genaturaliseer as Suid-Afrikaanse burger. (Die sertifikaat no SA 2682 is op 6 Augustus 1913 uitgereik.)<sup>2)</sup>

Na die beplanning en/of oprigting van tale geboue het Jean Jacques 'n groot boukontrak in Malvern aanvaar. Hier het groot probleme met die betaling ontstaan, ten gevolge waarvan 'n Hooggeregshofsaak ontstaan het. Hierdie saak is eers deur Regter Crous aangehoor en later deur 'n tweede regter, en die uitspraak het Jean Jacques finansieel geruïneer. Hy is kort daarna op 17 Augustus 1929 in Germiston oorlede.

#### **Stamregister**

Mijndert (5.5.1803 – 24.11.1874) Amsterdam, trou 27.3.1833  
Gerhardina Bout (25.4.1807 – 1.6.1890)

Johannes Jacobus (3.7.1842 – 16.11.1931) Amsterdam, trou 27.3.1867 Bertha Elizabeth Uytenbroek (19.4.1848 – 17.4.1911)

Jean Jacques (28.9.1870 Amsterdam – 17.8.1929 Germiston), trou 1892 Elizabeth Susanna Berkhouw (23.5.1870 Amsterdam – 6.8.1940 Johannesburg)

Jean Jacques (24.10.1894 Amsterdam – 9.12.1968 Pretoria), trou 5.12.1922 Aletta Sophia van Zyl (10.11.1899 Germiston – 31.12.1965 Pretoria). Vier kinders:

1. Ruth (3.6.1926) getroud met John Cooper 20.6.1946; 6 kinders
2. Jean Gideon (23.3.1928) getroud met Hélène Lötter 29.5.1946; geen kinders
3. Daniel Pieter (13.2.1933 Bloemfontein) getroud met Cornelia Paulina Bester (16.2.1941 – Brakpan) op 21.1.1961; 4 kinders:
  - Karien (24.10.1962 – Pretoria)
  - Jean Jacques (19.11.1962 – Pretoria)
  - Myndert (28.9.1967 – Pretoria)
  - Shalette (8.12.1970 – Pretoria)
4. Elizabeth Anne (3.4.1935)

#### **Verwysings**

- 1) Ek weet nie van skeepsvervoer deur Nederlandse ouoriteite gereël vir Nederlanders wat in 1900-1902 uit Suid-Afrika verban is nie. Ek vermoed dat die skrywer die stuur van die oorlogskip 'Gelderland' deur die Nederlandse regering om president Kruger van Lourenço Marques na Europa te bring, in gedagte het. (C. de Jong)
- 2) Jean Jacques Kesting het kragtens Nederlandse wetgewing sy Nederlanderskap verloor deur vrywillig vreemde krygsdiens te aanvaar as lid van die Hollanderkorps. Ek vermoed dat hy in Nederland in 1901-1903 die Nederlanderskap teruggekry het. Hy het die Nederlandse nasionaliteit weer prysgegee toe hy op 11 Julie 1913 Suid-Afrikaanse staatsburger geword het. (C. de Jong)

**100 JAAR STAATSMUSEUM - VAN RARITEITKABINET NA  
WETENSKAPSBEOEFENING EN VOLKSVOORLIGTING**

**Boekbespreking van: "Staatsmuseum 100, National Cultural History Museum, Museum of Geological Survey, Transvaal Museum", Pretoria 1992, 126 pp., met afbeeldings en indeks**

deur C. de Jong

In 1992 was dit 'n eeu gelede dat die Staatsmuseum in Pretoria gestig is. Hieruit het die drie in die ondertitel genoemde inrigtings ontstaan. President T.F. Burgers was die eerste wat die stigting van 'n nasionale museum vir Transvaal voorgestel het, maar sy ampstyd 1872-77 was te kort en te woelig om sy kulturele wens te vervul. Tydens die opkoms van die herstelde republiek in Transvaal (1881-1900) het die Staatsekretaris Dr. W.J. Leyds en die Superintendent van Onderwys Dr. N. Mansveld - beide Nederlander van geboorte - die inisiatief tot stigting van 'n nasionale museum geneem. Dit het in 1892 begin as 'n rariteitekamer op die solder van die Raadsaal, het vinnig uitgebrei en was heel bont van samestelling. In 1897 is Dr. J.W.B. Gunning as voltydse direkteur aangestel en in 1899 het Dr. Mansveld die eerste steen gelê van die museumgebou aan Boomstraat. Dit is in 1902 amptelik in gebruik geneem. Die eerste drie direkteure was Dr. J.W.B. Gunning (1897-1913), Dr. H.G. Breyer (1913-1921) en mnr. C.J. Swierstra (1921-1946), almal in Nederland gebore. Daarna was die direkteure Suid-Afrikaners.

Geleidelik het die Staatsmuseum hom gesplits in die biologiese museum, tans Transvaalmuseum aan Paul Krugerstraat, die geologiese museum langs die Transvaalmuseum, en die kultuurhistoriese museum, tot 1991 aan Boomstraat gevvestig. Van veel belang was die bou van 'n tweede museumgebou aan Paul Krugerstraat 1910-1913, omdat die gebou aan Boomstraat spoedig te klein geword het. Die regering van Transvaal was haastig met die tweede gebou, omdat die skatkis goed gevul was en die Unie op hande was. Dr. Gunning het van die gebou eers na die aanbesteding verneem en was baie geskok; kort daarna is hy oorlede.

Die jubileumboek "Staatsmuseum 100" het slegs in Engels verskyn. Deel een, p.1-14, handel oor die Staatsmuseum 1892-1900 en is geskryf deur Elda Grobler en Roger Dixon. Deel 2, p.15-55, betref die Transvaalmuseum en is geskryf deur Dr. C.K. Brain. Deel 3, p.56-77, bespreek die geologiese museum (Museum of the Geological Survey) en is geskryf deur Roger D. Dixon. Deel 4, p.78-113, handel oor die Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKHM) en is geskryf deur Elda Grobler.

Uit die Staatsmuseum het ook die Nasionale Dieretuyn (Zoological Gardens) ontstaan. Dit het in 1899 amptelike status en 'n eie plek gekry. Die eerste direkteur was Dr. Gunning tot sy oorlyde.

**Die biologiese museum - die Transvaalmuseum**

Die Transvaalmuseum aan Paul Krugerstraat het 'n

interessante staat van diens en geniet internasionale bekendheid. Dit het voldoende geld vir uitgebreide navorsing ontvang en het vooraanstaande vakkundiges en uitstekende navorsingsresultate en publikasies opgelewer. Ek noem as voorbeeldie die voëlkenner Dr. Austin Roberts, na wie 'n voëlreservaat in Pretoria genoem is; die insektekundiges Dr. Georges van Son en Dr. Lajos Vári, beide uit Nederland; die paleontoloë Dr. Robert Broom, bekend als navorser van vroeë hominides (oermense) te Sterkfontein en elders, en Dr. C.K. Brain, direkteur en vernuwer van die Transvaalmuseum, asook mnr. O.P.M. Prozesky, voëlkenner en voorligter van die publiek. Nadat Dr. Brain direkteur geword het, gee die museum veel aandag aan opvoedkundige programme.

Verskeie personeellede was en is van buitelandse herkoms en het by ander instellings in Suid-Afrika of daarbuite departementshoof of direkteur geword.


Op p.25 staan 'n foto van die vinwalvisskelet as blikvanger voor die museumgebou. Die toeligting lui soos volg:

#### **The Transvaal Museum's Whale Skeleton**

The skeleton of a Fin Whale outside the Museum, facing Paul Kruger Street, has become something of a landmark, even though it is often mistaken for a 'dinosaur'. The idea of displaying a large whale skeleton at the Transvaal Museum originated with Dr. C. de Jong of the University of South Africa's Department of Economics. His particular interest was the history of whaling. Through his mediation, the erstwhile Union Whaling Company in Durban agreed to donate the skeleton of a 79 ft fin whale on the condition that the Museum make all the arrangements for its removal and transport to Pretoria. The physical loading and transport of the skeleton presented problems since the skull alone weighed two and a half tons. The bones were brought to Pretoria in June 1970 where the tedious process of weatherproofing was begun by taxidermist Mr J.C. Taylor. Whale bones are very porous and deteriorate rapidly when exposed to the elements. Each bone had to be encased in resin reinforced with fibre glass, and harpoon damage necessitated the reconstruction of some of the bones. The decision to display the skeleton outside the Museum required the erection of special supports from which the articulated skeleton could be hung. The supports were designed by Mr Georg Vrba, a structural engineer who undertook the task voluntarily, while Dr Naas Rautenbach and Mr Jan van Veelen coordinated the final assembly and hanging of the skeleton in August 1972.


Fin whales are among the largest mammals in the world and it is estimated that the specimen weighed about 90 tons during life.

In 1969 het ek my eerste besoek gebring aan die landstasie van die Union Whaling Company (UWC) te Durban. Die hoofskeikundige van die UWC, Mr. Roy Gibson, het kort tevore die skelet van 'n vroulike vinvis (*Eubalaena physalus*) laat skoonmaak en op die strand langs die stasie deponeer met die



Geraamte van vroulike vinwalvis voor die Transvaalmuseum in Pretoria; daaronder die skelet van 'n Dinosauriër

Foto: C. de Jong, 1993



Die vinvisgeraadte voor die Transvaalmuseum in Pretoria van onderaf en vorentoe gesien. Die borsbeen ontbreek by walvisse.

Foto: C. de Jong, 1975

doel om die skelet in Durban ten toon te stel. Maar daarvan het niks gekom nie, want uitstalplek was te duur. By my terugkeer in Pretoria het ek Dr. Brain gesê dat hy die skelet kosteloos kon kry. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë sou dit as museummateriaal gratis vervoer, maar die Museum moes die orige swaar transport self betaal. Die walvisbene het by die Museum aangekom. Twee rugwerwels was deur 'n harpoen beskadig en moes herstel word. Die bene is volledig, diereste van bekken en dybene, wat dikwels verlore gaan, was by die onderhawige skelet aanwesig.

Walvisskelette is groot en baie swaar en is voorheen op metaalkolomme gemonteer. Later, in ons eeu, is hulle dikwels opgehang om ruimte te spaar, om die skelette van alle kante vanaf balustrades te kan bekijk - soos in die walvissaal in die Suid-Afrikaanse Museum te Kaapstad - en om die skelet te laat sweef soos die walvis vry in die see sweef. Dr Brain het sy vinvis voor die Museum opgehang met mooi resultaat. Die skelet kan nou van onder en oopsig besigtig word, en wat ook belangrik is, dit is veilig teen vandalisme. In 1972 is die groot karwei van restourasie, preservering en ophanging van die geraamte voltooi.

Daarna het ek Dr. Brain meegedeel dat die UWC bereid sou wees om die Transvaalmuseum kosteloos 'n potvisgeraamte te verskaf. Hy het dit afgewys weens ruimtegebrek in en by sy Museum of weens die koste en werkclas wat die tweede walvisgeraamte op sy personeel sou plaas. Sy argumente is begryplik, maar daarmee het die kans vir die Transvaalmuseum om kosteloos 'n potvisskelet te bekom, vir altyd verdwyn.-

Die Museum dank aan Dr. Brain die Austin Robertsvoëlsaal en die reeks voorstellings wat die volgorde van die evolusie van diere uitbeeld.

#### **Die geologiese museum – The Museum of the Geological Survey**

Suid-Afrika, insonderheid Transvaal, is by uitstek 'n mynbouland. Daarom is reeds vroeg die belang van 'n geologiese museum besef. Die grondslag vir die versameling daarvan is gelê deur die staatsgeoloog Dr. G.A.F. Molengraaff uit Nederland in 1897. Die versameling geologiese en mineralogiese monsters (samples) is eers ondergebring in die Staatsgymnasium te Pretoria, omdat daarin die Staatsmynbouskool gevestig is. Die geologiese museum het sy tydperke van opgang en afgang beleef, hoewel daar heel bekwame kurators was. Die ruimte in die Staatsgymnasium was spoedig veel te klein. Die versameling is ondergebring in die nuwe museum aan Paul Krugerstraat wat in 1913 voltooi is, maar eers in 1920 omdat die Weermag in 1914 die gebou sonder kennisgewing van 1914-19 gekommandeer het. Ook in die nuwe gebou was die ruimte spoedig hopeloos te min. Na die afdrede van die verdienstelike direkteur Dr. A.L. Hall in 1933 is tot 1949 geen voltydse kurator benoem nie om op uitgawes te besuinig.

Daarna het verbetering ingetree: In 1949 is weer 'n kurator aangestel en in 1959 kry die museum 'n eie, ruim gebou aangrensend aan dié van die Transvaalmuseum aan Paul Krugerstraat. Daarin is die Victoriaanse rariteiteversameling

omskep in 'n hedendaagse museum met o.m. opvoedkundige doel. Vermelding verdien onder meer die versameling ou en nuwe geologiese kaarte vanaf die eerste kaart wat deur prospekteerder Carl Mauch in die jare 1860-69 geteken is.

Sedert 1988 is die kurator mnr. Roger Dixon.

#### **Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKHM)**

Die NKHM het talle jare minder aandag en geld van die owerhede as die twee voorgaande museums ontvang. Die verklaring is dat die twee voorgaande hulle beweeg op 'n wye gebied wat internasionale aandag geniet, terwyl die NKHM hom besig hou met die nasionale kultuur, inheems in Suid-Afrika. Die groot wending het gekom op 21 Augustus 1964, toe die NKHM 'n selfstandige instelling los van die twee ander museums geword het. Die eerste direkteur was mevrou Kotie Roodt-Coetzee, sedert 1953 hoofvakkundige van die Transvaalmuseum. Die hele gebou aan die Boomstraat het tot haar beskikking gekom. Sy het verbassingwekkend veel vir haar Museum gepresteer en 'n nuwe tydperk daarvoor ingelui. Eindelik het die owerhede ruimer geldmiddele aan dié instelling toegewys en kon dit kragtig uitbrei. Mevrou Roodt-Coetzee en haar twee opvolgers kon 'n reeks newemuseums - minder gelukkig "satellite museums" genoem - byvoeg. Die newemuseums is:

die Krugermuseum - dit is die woonhuis van president Paul Kruger te Pretoria - in 1964 verwerf, nadat die regering dit reeds in 1925 aangekoop het;

die Voortrekkermuseum by die Voortrekkermonument, gewy aan die Groot Trek 1836-55, in 1957 geopen, in 1966 aan die NKHM oorgedra;

die Pioniersmuseum by Silverton;

'n 19de-eeuse boerehuis met bygeboue - in 1975;

die Willem Prinsloo Landboumuseum - op 'n boereplaas 45 km oos van Pretoria, in 1980;

die Pierneefmuseum in die voormalige sigarettefabriek "Eureka" in Pretoria-Sentraal, gewy aan die kunsskilder J.H. Pierneef van Pretoria, sy werk en gereedskappe, in 1984;

die Sammy (Samuel) Marks-museum, 'n huismuseum op die plaas Zwartkoppies van Marks, 22 km oos van Pretoria, in 1988;

die Coert Steynbergmuseum in die voormalige woonhuis van die beeldhouer Steynberg, gewy aan sy werkplek en werk, in Pretoria-Noord, in 1988;

die Zoutpan en omgewing, 45 km noordwes van Pretoria, gewy aan die natuurhistories en kultuurhistories merkwaardige krater en die omstreke daarvan, eers in 1992 verwerf en nog nie in die jubileumboek vermeld nie.

Die NKHM het sedert 1964 van krag tot krag gegaan, maar het ook met ernstige teenslae gekamp. Die gebou aan Boomstraat het in die jare '50 ernstige ouderdomsgebreke getoon. Hulle is tydelik verhelp, maar het in ergere mate terugge-

keer. Bowendien was dit veel te klein en kon slegs 'n klein deel van die versameling uitgestal word. Daarom is die gebou in 1991 vir besoekers gesluit. In 1991 en 1992 het lekkasie groot skade aan die versameling toegebring. Die personeel was toe al elders gevestig. Die direkteur, Dr. Udo Küsel, het in 1992 daarin geslaag om die vroeëre Muntinrigting in Visagiestraat as hoofmuseumgebou beskikbaar te kry.

Die tweede teenslag was die mislukking van die lang en uitgebreide soektog na 'n terrein by Pretoria wat geskik sou wees vir 'n ambisieuse nasionale ooplugmuseum. Die soektog is in 1988 gestaak, omdat internasionaal ooplugmuseums met herbou en eksplorasie van strukture te duur geword het en instandhouding van strukture *in situ* (op hul eie plek) aantrekliker geword het. Die NKHM voer nou 'n beleid van 'n gedesentraliseerde museumwese.

#### **Nuwe doelstellings**

Op p.114-126 gee M.A. Raath, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Museumvereniging, I.L. Rautenbach, direkteur van die Transvaalmuseum, R. Dixon, kurator van die geologiese museum, en U. Küsel, direkteur van die NKHM, beskouings oor nuwe doelstellings in die museumwese van Suid-Afrika. Hier volg 'n samevatting daarvan.

- (1) herstel van noue betrekkinge tussen "nature conservation and culture conservation" en tussen biologiese of natuurhistoriese en kultuurhistoriese museums (p.92 kol. 3)
- (2) nog meer nadruk op aktuele, wisselende uitstallings en opvoedkundige en voorligtende programme sonder agterstelling van onmisbare navorsing, volgens die jubileumboek "an even more strongly developed out-reach programme, which actively promotes museum participation in the community" (en vice versa - p.92 kol. 3)
- (3) meer nadruk op die kultuur van Afrika en minder op dié van Europese stamlande van blankes, omdat die meerderheid van die bevolking in Suid-Afrika gekleurd is en hulle in "die nuwe Suid-Afrika" sal domineer (oorheers). Dr. Küsel skryf op p.121-122: "The Mint building presents an opportunity to develop a museum in an African context and helps address burning issues such as the low level of literacy and socio-economic upliftment."

INHOUDSOPGawe / TABLE OF CONTENTS:  
PRETORIANA NR. / NO. 104

Bladsy/  
Page

Bestuurslede/Committee members	2
Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria/Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society	3
Die stad Pretoria/The city of Pretoria	11
R. Tomlinson, "British blockhouses in the Pretoria area, 1900-1902"	11
Anonymus, "Centenary of the Pretoria Portland Cement Company Ltd"	30
Inwoners van Pretoria/Inhabitants of Pretoria	32
Mrs. D. Maguire, "Early days"	32
C. de Jong, "Aanwysing van ereburgers van Pretoria 1993: Mev Cecile de Ridder, mnr. Willie Labuschagne en Dr. Reuben Rutowitz"	35
C. de Jong, "Lewenskets van Ds. Pieter van Drim-melen, 1873-1919" (I)	37
C. de Jong, "Lewenskets van professor Willem François Joubert Steenkamp, 1905-1993"	60
C. de Jong, "Herdruk van die Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria 1893-1923"	68
N.A. Coetzee en M.H. Zagt, "President S.J.P. Kruger in Kampen"	72
Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maat-schappij (NZASM)	75
D.P. Kesting, "Jean Jacques Kesting, die eerste Kesting-stamvader in Suid-Afrika"	75
Boekbespreking/Bookreview	78
"Honderd jaar Staatsmuseum, Van rariteitskamer na wetenskapsbeoefening en volksvoorligting", bespreking van "Staatsmuseum 100", Pretoria 1992, deur C. de Jong	78